Internet: www.kaap-voc.org. E-pos/Email: vocinfo@voc-kaap.org
Skakel/Contact: Sekr./Secr.: mnr. R. Rode, 071 622 57 92, e-pos: rodecb@icloud.com
Finansies /Finance: mnr. C. Wessel, tel: 082 377 16 82, e-pos: callawes@gmail.com
Bank: Nedbank, Somerset-Wes. Rekeningnr. 1145512305. Rekeningnaam Stigting VOC Foundation.

# VOC Datums (chronologies)

1647

25 Maart: Die skip *Nieuw Haarlem* vergaan op sy vyfde retoerreis naby Blouberg in Tafelbaai.

1649

26 Junie: Sestig van die *Nieuw Haarlem* se skipbreukelinge wat byna ’n jaar lank aan die kus van Tafelbaai gestrand was, keer met die retoervloot terug na Amsterdam.

1652

Vrydag, 5 April: Die bemanning van die skepe op pad om ’n maritieme diensstasie aan Kaap de Goede Hoop te stig, kry die berge aan die suidpunt van Afrika in sig.

6 April: Van Riebeeck aan boord van die Dromedaris stuur onderstuurman Aerent van Ieversen en boekhouer Adam Hulster met ’n seilsloep om Tafelbaai te verken. Skipper David Koninck word die volgende oggend met ses soldate gestuur om vis te vang, vars water te haal en posstukke onder klippe te soek.

24 April: Van Riebeeck en sy gesin neem hul intrek in die eerste houthutte, by ’n borswering met drie van Dromedaris se kanonne.

12 Mei: Die besoekende predikant ds. Joannes Backerius vier die eerste nagmaal aan die Kaap. Na sy vertrek moet sieketrooster Willem Wijlannt weer preke voorlees.

15 Mei: Die grondfort kry die naam ’t Fort de Goede Hoope.

6 Junie: Die vrou van sieketrooster Willem Wijlant skenk geboorte aan Bernert, die eerste blanke kind aan die Kaap.

3 Augustus: Al die nedersetters word uiteindelik van die skepe na die fort oorgeplaas.

4 September: Die eerste geelwortels word in die Kompanjiestuin gepluk.

13 Oktober: Jan van Riebeeck hou ’n feesmaal. Die tafels is belaai met eie produkte soos hoenders, ertjies, spinasie, kerwelmoes, kropslaai en vingerdik aspersies.

26 Desember: Die eerste twee pond botter word aan die Kaap gekarring.

1653

Woensdag, 1 Januarie: Die drie soldate, Gerrit Dircksz, Jan Blankx en Willem Huijtjes word uit die tronk gelaat nadat hulle op 25 September 1652 gedros het.

2 Maart: Die eerste retoervloot sedert die stigting van die diensstasie arriveer in Tafelbaai. ’n Maand lank bewys die nuwe maritieme diensstasie sy waarde terdeë. Gerhard Demmer, voormalige goewerneur van Ambon is admiraal van die vloot en spreek sy tevredenheid uit oor die hoeveelheid en gehalte van die vars voedsel wat aan hulle verskaf word.

Sondag, 23 November: Na afloop van die sieketrooster se oggenddiens word Elisabeth van Opdorp met onderkoopman Jacob Reijniers van Amsterdam in die huwelik bevestig. Die bruid is 'n niggie van opperhoof Van Riebeeck en die bruidegom is Sekunde van die Raad.

1654

28 Januarie: Daar heers groot opgewondenheid by die Fort omdat Opperhoofd Van Riebeeck ’n silwersmit aan die werk gesit het met erts wat naby die Fort gekry is, om dit te ondersoek in die hoop dat dit silwer sal bevat.

6 April: 'n Ernstige voedseltekort bedreig die nuwe nedersetting. Alle voorrade van rys, gort en bone is uitgeput. Daar is slegs twee maande se brood en sewe tot agt weke se vleis en spek oor. Die ruilhandel vir vee met plaaslike inwoners wat nie naby die Fort wil kom nie, het misluk. Slegs die koms van die retoervloot sal uitkoms bring.
Om kosvoorrade aan te vul, word die galjoot na Robbeneiland en Saldanhabaai gestuur om pikkewyne en vis te gaan haal. Op een van die eilande naby Saldahabaai is nog vyf skape wat na Robbeneiland gebring moet word om later geslag te word. Van Riebeeck beveel Sekretaris Roelof de Man om in die dagregister aan te teken dat die dag as 'n algemene dank- en biddag afgesonder moet word.

21 Mei: ’n Seuntjie word vir Hendrik Boom en sy huisvrou Annatje Joris gebore.

11 Junie: Die eerste bakstene wat aan die Kaap gemaak is, word gebruik om die woning regs van die „Kat“ in die Fort te bou. Met 'n mooi rooi kleur is dit net so fraai soos die Leidse stene wat voorheen ingevoer is.

13 September: Sebastiana van Opdorp, niggie van Kommandeur van Riebeeck tree in die huwelik met onderkoopman Pieter van Duyn.

1655

9 Maart: Meynsgen Campen en Frederick Verburgh, Sekunde van die Kaap, tree in die huwelik. Meynsgen Campen is die suster van ds. Johannes Campius.

21 April: Rijcklof van Goens vertoef aan die Kaap met die retoervloot. Hy is entoesiasties oor die toekoms van die maritieme diensstasie en het ’n paar planne. Hy stel voor dat ’n diep sloot vanaf Tafelbaai na Valsbaai gegrawe word om die Kaap te beskerm teen rowende inboorlinge. Hy wys ook op die noodsaaklikheid van perde vir vervoer, voedselproduksie en die belangrikheid van verdediging.

12 Augustus: Die huisvrou van sieketrooster Willem Wijlant skenk geboorte aan hul tweede seuntjie, Johannes.

1 Oktober: Opperchirurgyn Mathys Witsma se vrou skenk geboorte aan ’n seun.

5 Oktober: Korporaal Muller keer met leë hande na die Fort terug nadat sy gids Autshomao hom bedrieg en met al die ruilgoedere na die hoë berge in die ooste gevlug het.

8 Desember: 'n Seuntjie word vir Kommandeur Jan van Riebeeck en sy huisvrou Maria de la Queillerie gebore.

1656

20 Februarie: Tussen 2- en 3-uur sterf die seuntjie van die Kommandeur wat op 8 Desember 1655 gebore is. Hy word diep betreur deur die ouers en broers Lambertus en Abraham.

18 Mei: Die eerste herberg word deur Annetje, huisvrou van baastuinier Hendrik Boom, geopen.

1657

21 Februarie: Die eerste selfstandige boere aan die Kaap: Jansz Botma van Wageningen, Hendrik Elbertz van Onsenbruggen, Otto Jansz van Vreede en Jacob Cornelisz van Rosendael kry elk 27 morg by De Hollantsche Tuijn aan die Liesbeeck. By ‚t Groene Velt moet Herman Remajenna van Keulen toesig hou oor Jan Maertens de Wacht van Vreeland, Jan van Passel van Geel in Brabant, Warnaer Cornelisz van Nunspeet en Roelof Jansz van Dalen. Aan die eerste groep word nie ’n ploeg toegeken nie en hulle moet spit, maar bekom ’n wa en ses osse op skuld. Die tweede groep verkry byle, pikke en grawe teen kosprys, en kan van ’n ploeg, twee êe en twaalf trekosse gebruik maak.

6 April: Die nedersetting tel nou 144 siele. Behalwe die garnisoen is daar tien vrybugers, ses blanke vrouens, twaalf kinders, ses bandiete en tien slawe.

22 Junie: Die eerste Burgerraad word deur Jan van Riebeeck aangewys.

5 November: Abraham Gabbema keer van sy veeruilekspedisie uit die noorde terug. Hy berig dat hy ’n nuwe rivier gevind het wat hulle die Groot Bergrivier noem, asook drie berge, wat hulle Clapmutsberg, de Paerl en de Diamant noem en op 'n kaart aangeteken het.

1658

21 Maart: Sersant Jan van Harwaerden keer van sy ekspedisie uit die noorde terug. Hulle vertel van sebras en tweehoringrenosters wat hulle teengekom het, maar bring niks saam nie. Een van die mans se arm is deur ’n leeu afgeskeur en twee het aan 'n siekte beswyk.

28 Maart: Die skip Amersfoort kom in die Kaap aan met 250 slawe van 'n Portugese skip gebuit. 170 het op die sewe weke lange reis beswyk.

17 April: Die eerste skool word aan die Kaap geopen met Pieter van der Stael as onderwyser. Dit is bedoel vir slawekinders. Om sy leerlinge te motiveer, belowe hy aan elkeen ’n „croesjen brandewijn‟ en twee duim tabak vir goeie vordering. (de kroes: drinkbeker zonder voet)

5 Mei: Die Here XVII herroep die vergunning wat deur kommissaris Rycklof van Goens aan die vryburgers toegestaan is, om met die inboorlinge veehandel te dryf. Eersgenoemdes moet hulle ruilmiddels by die Fort inlewer.

1659

2 Februarie: Die eerste wyn word van Spaanse druiwe, muskadel en ander wit ronde druifsoorte gepars.

16 Mei: Begin van die eerste VOC-Koina oorlog.

31 Julie: Kommandeur van Riebeeck besoek vryburgers se vee „binnen den begrepen cirkel" wat bedoel is om hulle met die minste soldate en op die goedkoopste wyse te beveilig.

1 November: Die eerste roos word aan die Kaap gepluk. Die roosbome het die vorige jaar aangekom en is deur die Kommandeur self aangeplant.

13 Desember: Die eerste ryp kersies word in die Kompanjie se tuin gepluk. Die kersieboompies is drie jaar vantevore ingevoer.

1660

Dinsdag, 6 Januarie: Van Riebeeck voer onderhandelinge oor weiding, grond en water met leiers van die Skiereilandse Koina.

20 Maart: Kommandeur Van Riebeeck en sy vrou neem afskeid van hul twee seuntjies Lambertus en Abraham, onderskeidelik nege en ses jaar oud, wat met die skip *De Paerl* na Amsterdam vertrek om in Nederland opgevoed te word.

4 April: Vier dogtertjies en twee seuntjies word in die Kaapse gemeente deur ds. Cornelius Welrant van die retoerskip *Vlissingen* gedoop. Die een is Elisabeth van Riebeeck, dogter van die Kommandeur.

5 April: Die hoofmanne van die Goringhaiqua (Caepmans) en Autshomao (Goringhaicona) sluit vrede met die Kompanjie.

7 April: Na 'n jaar van vyandighede word die vredesluiting met die Goringhaiqua (Caepmans) gevier.

13 September: Die eerste wingerdstokke word deur vryburgers teen die heuwel agter Tafelberg geplant.

24 Desember: Maria Stuart, weduwee van Willem II van Oranje sterf aan pokke op 29-jarige ouderdom. (Sy het op 9-jarige ouderdom in die huwelik getree. Haar eggenoot is reeds op 6 November 1650 ook aan pokke oorlede voordat sy eersteling gebore kon word.)

1661

1662

6 April: Die nuwe kommandeur, Zacharias Wagenaer met sy vrou en dogter kom in die Kaap aan om van Riebeeck wat die pos tien jaar lank gevul het, te vervang. Gerrit van Harn, van Riebeeck se oom, wat deur die Here XVII met die skip *'t Wapen van Holland* as nuwe kommandeur gestuur is, is op see oorlede.

6 Mei: Kommandeur van Riebeeck se ampstermyn kom ten einde. Hy word deur Zacharias Wagenaer opgevolg.

1663

1 Februarie: 12 Vrywilligers onder aanvoering van sersant Pieter Cruijthoff keer onverrigter sake na die Fort terug na 'n vrugtelose soektog na Monomotapa of die stad/rivier Vigiti Magna.

15 Augustus: Pieter Cruijthof rapporteer dat ’n leeu een van die Kompanjie se trekosse by die Windberg verskeur het. Vryburgers langs die Liesbeeck kamp met dieselfde probleem.

1 September: Die Politieke Raad besluit om met 'n Kaapse jag 'n soektog na die oorlewendes van die retoervloot van 1661 te onderneem. Twee van die sewe skepe insluitende die admiraalskip het vergaan. Sommige van die bemanning van die *Aernhem* het Mauritius in 'n oop boot bereik.

10 September: Theuntje Bartolomeus word deur kommisaris Overtwater vir ses weke na Dasseneiland verban omdat sy lasterlike stories oor 'n eerbare burgeres vertel het. Sy sou beweer het dat die ander vrou twee kinders in die vaderland gehad het waarvan sy een glo vermoor het.

24 Oktober: Die ryperd van Jan van Riebeeck gaan om onverklaarbare redes dood.

30 November: Die Politieke Raad besluit om die eerste skool met sieketrooster Ernestus Back as eerste meester te stig. Die eerste leerlinge is twaalf blanke seuns en dogters, een „Hottentosie‟ en vier slawekinders.

8 Desember: Jochum Blanc keer met die skip *Waterhoen* terug van 'n tog na Madagaskar en berig dat die grond baie vrugbaar is, maar die inwoners baie oorlogsugtig en daarom verarm is.

11 Desember: Dood van Autshumao, hoofman van die Goringhaicona.

1664

22 Januarie: ’n Geselskap van 16 man onder leiding van Pieter van Meerhof keer weer onverrigter sake terug, na 'n soektog na die groot rivier en die stad van goud. Hulle is deur droogte en vyandiggesinde inboorlinge geteister, wat hul wa met voorrade verbrand het.

26 April: 'n Groot aantal gaste, burgers sowel as amptenare, woon die feesmaal by die bruilof van Pieter van Meerhof en die Koinavrou Krotoa by. Dit is die eerste huwelik wat volgens Christelike gebruik tussen ’n blanke en ’n Kaapse inboorling ingeseën word. Pieter is 27 jaar oud en kort vantevore tot die rang van chirurgyn bevorder. Krotoa is 21 jaar oud, skrander en deur mev. Van Riebeeck opgevoed sedert haar negende.

14 Mei: Die fluit Waterhoen met twaalf man onder leiding van Jacobus van Nieuwland vertrek om in opdrag van die Here XVII die tweede besetting van Mauritius uit te voer. Die res van die amptenare vertrek ’n maand later.

6 September: Kommandeur Wagenaer onthaal die ambagslui wat die nuwe hospitaal moet bou. Op die spyskaart staan die volgende: Beesvleis, sestig kanne wyn, twee vaatjies Kaapse bier.

1665

26 Maart: Die kosbaarste retoervloot tot op daardie stadlium lê voor anker in Tafelbaai. Die elf skepe onder aanvoering van Admiraal Pieter de Bitter het onder andere die volgende vrag aan boord: 200.000 pragtige tapyte en Oosterse kleedjies, 8.690 bale Chinese sy, 18.000 pond ebbehout, 22.000 pond indigo, 16.580 stukke kosbare porselein, 3.084 ongeslypte diamante, 2.933 robyne, 18.151 klein pêreltjies. Daar is ook meer speserye as gewoonlik nl. 1.500.000 pond kaneel, 'n groot hoeveelhied peper, 314.000 pond neutmuskaat, 121.000 pond foelie, 440.000 pond naeltjies en 1.500.000 pond salpeter.

19 Mei: Pieter van Meerhof en sy vrou en kinders word met die visserskuit *Bruijdegom* na Robbeneiland geneem om by Jan Zacharias as poshouer, verantwoordelik vir die bandiete, skape en varke, oor te neem. Groot hoeveelhede skulpkalk moet vir die bou van die Kasteel voorsien word.

28 Augustus: Die voorbereiding van die terrein waar die nuwe Kasteel de Goede Hoop gebou gaan word, begin.

28 November: Jacob van Roosendael koop Jan van Riebeeck se plaas Boschheuvel op 'n veiling vir ƒ1.600. Hy moet die koopsom in drie paaiemente afbetaal.

28 November: 'n Berig bereik die Kaap, dat Cornelis van Quaelberg die heer Zacharias Wagenaer as kommandeur sal vervang. Laasgenoemde het gevra om weens swak gesondheid terug te keer Nederland toe.

1666

2 Januarie: Die eerste stene van die Kasteel de Goede Hoop word sowat 60 roede ten ooste van die Fort gelê op 'n plek aangewys deur Isbrand Goske, deur Kommandeur Wagenaer, ds. Joan van Arckel, Sekunde Abraham Gabbema en Fiskaal Hendrik Lukas. Die Ambagslui word onthaal met honderd brode, vleis van twee beeste en ses skape en agt vate Kaapse bier.

14 Januarie: Ds. Joan van Arckel, eerste predikant aan die Kaap, word in die aandskemering in die Kasteel begrawe waar die preekstoel in die saal sal staan as dit voltooi is.

22 Junie: 'n Maand tevore het Adriaan Vos van Utrecht een van die timmermans se kop met 'n byl oopgekloof en is veroordeel om onthoof te word. Sy vonnis word terwille van sy vrou en sy ouers versag om met 'n haakbus doodgeskiet te word. Vos spreek sy dank uit aan kommandeur Wagenaer.

16 Julie: Twee trekosse word deur leeus verskeur. Twee dae vroeër kon beeswagters nie verhoed dat 'n koei gevang word nie. Die gebrul kon tot in die Fort gehoor word.

1667

10 Mei: Die fluit *Handelaer* bring briewe van die Here XVII wat beveel dat alle bouwerk aan die Kasteel gestaak moet word, omdat die Engelse te besig is om hulle eie kus te verdedig en nie 'n aanval op die Kaapse diensstasie kan uitvoer nie. Dit sal 'n aansienlike besparing teweegbring, en die garnisoen kan ook verklein word.

30 Junie: Poshouer Pieter van Meerhoff van Robbeneiland word beveel om met die skip *Westwoud* op Madagaskar slawe te gaan koop.

8 September: Die bemanning van die boot *Bruidegom* korrigeer die wanopvatting dat die Olifantsrivier by St. Helenabaai uitmond, toe hulle die rivier se monding verder noord vind.

20 November: 'n Vergadering van die Here XVII bevind dat die Kaapse kommandeur Van Quaelberg ongeskik is vir sy pos, omdat hy die Franse vloot beter behandel het as sy eie skepe. Hy word afgedank en kan as vryburger na Indië gaan of terugkeer na Patria. Jacob Borghorst word aangewys om hom op te volg.

1668

18 Junie: Die nuwe kommandeur, Jacob Borghorst, wat met die skip *'t Hoff van Breda* uit Texel aangekom het, neem die bewind by Cornelis van Quaelberg oor.

26 Oktober: ’n Ekspedisie met die jag *Voerman* onder leiding van Hieronimus Cruse keer van Mosselbaai terug waar hulle die veeryke Attakwastam aangetref het.

1669

17 Maart: Die fluit *Delfshaven* uit die Maas kom in die Kaap aan en berig dat hulle aan die Wes-Afrikaanse kus deur Moorse seerowers aangeval is en in 'n ses-uurlange geveg hulle skipper en sewe bemanningslede gesneuwel het; nog agt bemanningslede het aan hulle wonde beswyk. Georg Frederick Wreede, die nuwe opperhoof van Mauritius, is aan boord.

1670

3 Maart 1670: Die wingerde wat Jan van Riebeeck op die plaas Boschheuvel geplant het, dra so goed dat Jacob van Roosendael toestemming kry om wyn in klein- en grootmaat aan die vryburgers en besoekende skepe te voorsien.

25 Maart: Pieter Hackius volg kommandeur Borghorst op.

30 September 1670: Ontstellende nuus bereik die Kasteel dat die Franse admiraal De la Haye met ses groot Franse oorlogskepe in Saldanhabaai geanker en die Franse flag geplant het. De la Haye wil weet wat van die Franse bakens in die omgewing geword het. Hy spreek ook sy ontevredenheid uit omdat hy geen eerbewys met sy aankoms ontvang het nie en kommandeur Hackius onwillig was om sy skepe uit die Kompanjie se pakhuise te voorsien.

1671

13 Maart: Die enigste onderwyser aan die Kaap, Johannes á Bolten word gedwing om te bedank as gevolg van oormatige drankgebruik. Hy word met die skip *Spaarendam* wat op die reede lê, na die Ooste verban. 'n Opvolger moet nog gevind word.

9 April: Tydens ’n onthaal vir skipper Adriaan Drom in Sekunde De Cretser se huis steek 'n passasier genaamd Isaac Fonteyn vir Drom dood. De Cretser vlug, sy huis word verseël en soldate soek na hom. Hy word deur vryburgers versteek en vlug na Europa, waar die Here XVII hom vryspreek en weer in sy vorige pos aanstel. Sy skip word deur Moorse seerowers gekaap en hy sterf in slawerny.

Maandag, 30 November: Kommandeur Pieter Hackius sterf na 'n lang siekbed in die Fort. Hy word drie dae later om ses-uur in die nuwe kerk in die Kasteel begrawe.
Aangesien Sekunde Cornelis de Cretser nog steeds voortvlugtig is en niemand sy plek kan inneem nie, besluit die Raadslede om sonder ’n voorsitter voort te gaan.

19 Desember: Lt. Coenraad von Breitenbach en landmeter Jan Wittebol lewer ’n verslag vir die vestiging van ’n buitepos en die toekomstige uitbreiding van die graanboerdery in die Hottentots-Holland gebied by die Politieke Raad in.

1672

25 Maart: Die nuwe sekunde Albert van Breugel word met kanonskote van die skepe en die Fort aan die Kaap verwelkom om as waarnemende kommandeur oor te neem, terwyl Admiraal Arnoudt van Overbeecke van die retoervloot as kommissaris optree.

5 April: ʼn Afvaardiging van die slawegemeenskap kom kla by die Politieke Raad dat hul rantsoene van kos en klere ontoereikend is. Die Politieke Raad besluit om by die daaglikse rysrantsoen een maal per week ook 'n vleisrantsoen te voorsien en om ook twee maal per jaar klere aan hulle uit te reik.

2 Oktober: Isbrand Goske, gewese direkteur van Persië, word Goewerneur aan die Kaap. Hy het in 1665 die plek waar die Kasteel gebou moes word, aangewys en kom nou toesig hou oor die voltooiing van die gebou.

1673

1674

30 Julie: Krotoa alias Eva, weduwee van Pieter van Meerhof van Kopenhagen, word in die tydelike kerk in die Kasteel se binnehof begrawe, omdat sy voor Van Riebeeck se vertrek deur ds. Petrus Sibelius gedoop is en sy volgens die huidige goewerneur nie as heiden begrawe mag word nie.

1675

1676

4 Februarie: Die burgers verwelkom die nuwe goewerneur Bax hartlik aan die Kaap en hy moedig hulle aan om hulle op die produksie van graan toe te spits.

14 Maart: Goewerneur Isbrand Goske oorhandig amptelik die sleutels van die Kasteel aan Johan Bax van Herenthals.

24 April: Jan van Rosendael, eienaar van Boschheuvel, van Riebeeck se gewese plaas, sterf terwyl hy ʼn suksesvolle wynbouprogram bedryf.

17 Mei: Die Buitepos Hottentots-Holland rapporteer dat ses leeus helder oordag ses beeste en vier skape doodgebyt het. Een leeu is gedood. 244 pond vleis van die verskeurde diere word gesout en Kaap toe gestuur.

17 Junie: Die 23-jarige advokaat Abraham van Riebeeck (die latere goewerneur-generaal) besoek sy geboorteland. Hy was die tweede Europese kind wat aan die Kaap gebore is.

7 November: Die 23-jarige advokaat Abraham van Riebeeck besoek sy geboorteland onderweg na die Ooste. Hy was die tweede blanke kind wat aan die Kaap gebore is en sou in die Kompanjie se diens tot Goewerneur-Generaal vorder.

29 November: Die jag Voorhout kom met 232 slawe wat in Madagaskar gekoop is, in die Kaap aan. Twee-en-twintig slawe het op die reis gesterf.

31 Desember: Die Politieke Raad stel ʼn huwelikshof aan om alle sake in dié verband te hanteer. Die lede is Onderkoopman Martinus van Banchem, Oudburgerraad Wouter Mostert en die vryburger Johannes Pretorius; die sekretaris van die Politieke Raad is Andries de Man.

1677

18 Januarie: Jan van Riebeeck sterf in Batavia na ʼn ongesteldheid. Sy seun Abraham wat op pad na Batavia is, kom te laat vir die begrafnis.

22 Januarie: Die pragtige woonhuis van die gesiene burgerraad Wouter Mostert brand tot op die grond af. Dit is sowat twee uur van die Tafelvallei geleë.

11 Julie: Wouter Mostert, een van die eerste vryburgers, sterf tussen vyf en ses na ’n slopende siekte.

9 Augustus: ’n Jong renoster vrek. Dit is op ’n jagtog gevang waartydens die koei geskiet is. Dit was bedoel om as 'n gekenk aan die Prins van Oranje gestuur te word. In plaas daarvan sal plante en ander rariteite aan die prins gestuur word.

26 November: Onder die indruk van die heersende oorlog teen Frankryk lewer onderluitenant Harmen Ernst Gresnicht met 93 goed gewapende burgers ’n indrukwekkende vertoning op die parade. Goewerneur Bax is beïndruk. Die burgers word op mom, brood en spek getrakteer, terwyl die burgerrade en hoë amptenare deur die goewerneur op ’n eetmaal onthaal word.

1678

4 Januarie: Die regsgeleerde, Goewerneur-generaal Joan Maetsuycker sterf in Batavia na 25 jaar diens aan die VOC. Hy was die opsteller van die Statute van Indië wat in al die VOC se besittings toegepas is.

28 Junie: Na agtien maande aan die Kaap sterf Goewerneur Johan Bax van Herenthals aan 'n ernstige borskwaal. Hy het reeds die oppergesag aan Hendrik Crudorp oorgedra, wat sal waarneem totdat ’n nuwe aanstelling gemaak is.

12 Oktober: Waarnemende Kommandeur Hendrik Crudorp word deur Kommandeur Simon van der Stel vervang.

1679

1680

1681

1682

1683

1684

1685

1686

1687

1 Januarie: Stigting van die Kaapse Ratelwag. („Dié aand laat die kleppermans die eerste keer hul ratels in Afrika hoor.“ - Dagregister.)

23 Januarie: Kaptein Dorha van die Chainouqua lewer 220 osse en 96 skape wat hy by omliggende Koina geruil het.

29 Januarie: Korporaal H.M. Callenbagh word poshouer op Robbeneiland.

14 Februarie: Die hoeksteen van die nuwe drostdy op Stellenbosch word ter ere van kommandeur Simon van der Stel gelê.

29 Junie: Die kapteinstaf vir Skiereilandse Koina word deur Kommandeur Van der Stel in die plek van oorlede hoofman Schacher, aan hoofman Massanissa oorhandig,

16 Oktober: Ter ere van Hoë Kommissaris H.A. van Reede noem Goewerneur Simon van der Stel 'n nuwe distrik en die bergreeks oos van die Bergrivier, „Drakenstein".

8 November: Daar word aan die fondamente van die Kasteel se dwarsmuur en aan die beplande goewerneurskwartier en raadsaal gewerk. Dit word die „nieuwe kat" genoem.

31 Desember: Die eerste Hugenote, 22 mans, vroue en kinders vertrek met die *Voorschoten* Kaap toe.

1688

20 Januarie: Burgermagoffisiere word toegelaat om twee maal per week op enige plek met twee honde te gaan jag, omdat dit hulle gevegsvernuf kan verbeter.

1 April: Die Here XVII kondig aan dat daar reeds 152 Franse Hugenote, waaronder 67 mans, 33 vroue en 52 kinders op verskeie skepe Kaap toe vertrek het.

1689

1690

2 Mei: 'n Olifant word in Houtbaai doodgeskiet.

19 Mei: Alle voobereidings vir die verdediging van die Kaap is voltooi. By die Tygerberg, Stellenbosch en Drakenstein is seinkanonne vir die oproep van burgers geplaas.

6 Junie: Die weduwee Aagje Keysers kry toestemming om 'n skool vir kinders onder sewe jaar te open.

1691

23 Februarie: As gevolg van die skaarste aan hout gelas Goewerneur Van der Stel dat hout nie langer gebruik mag word vir die bou van huise se mure nie. Net klei en klipstene mag gebruik word.

31 Mei: Simon van der Stel word tot Goewerneur bevorder.
1 Junie: Kommandeur Simon van der Stel word tot Goewerneur bevorder.

14 Julie: Die dwarsmuur in die Kasteel wat in opdrag van Hendrik Adriaan van Reede gebou is, word voltooi.

15 Desember: H.A. van Reede tot Drakenstein sterf onder geheimsinnige omstandighede op die *Drechterland*. Vergiftiging word vermoed.

1692

5 Junie: Die meeste bemanningslede van die *Hoogergeest* word deur Jochem Willemszoon van Amsterdam gered. Hy waag sy lewe deur 'n loodlyn om sy lyf te bind en na die wrak te swem.

8 Augustus: Goewerneur Simon van der Stel demonstreer aan die burgerrade hoe om goeie wyn te pars.

1693

13 Januarie: Die Politieke Raad besluit dat die baastuinier Hendrik Bernhard Oldendal en tuinier Jan Hartog ook na die paaie, brûe en geboue van die Kompanjie moet omsien.

28 Februarie: Met die skip *Langwijk* kom die nuus dat Simon van der Stel tot Raad Extraordinaris van Nederlands-Indië bevorder is.

6 April: Die retoerskip Waterland, onder kommandeur Pieter Kemp, word deur die Franse gesink. Slegs twaalf man word gered. 'n Deel van die waardevolle verlore vrag is ’n oorspronklike manuskrip van die blinde natuurkundige Georg Rumphius.

17 Augustus: Kaptein Dorha van die Chainouqua word deur die Politieke Raad na Robbeneiland verban, omdat hy samewerking vir die verkryging van vee vir die skepe geweier het.

1694

20 Januarie: Die jag *Dageraad* strand aan die westekant van Robbeneiland met munte wat van die *Gouden Buys* in St Helenabaai geberg is.

13 Maart: Sjeik Yussuf van Makassar kom met sy gesin uit Batavia in die Kaap aan.

1695

4 September: ’n Aardskudding tref die Kaap.

1696

11 Januarie: Die Kapenaarse ervaar 'n ligte aardskudding soos op 4 September van die vorige jaar toe dit met ’n geluid soos 'n donderslag gepaard gegaan het.

15 Mei: Die skip *Meydrecht* kom in die Kaap aan sonder enige siektes of dooies as gevolg van skeurbuik. ’n Seldsame gebeurtenis.

1697

25 Februarie: Die fregat *Soldaat* kom in die Kaap aan met 121 slawe van Madagaskar. Op 'n veiling is die gemiddelde prys vir die slawe *ƒ*77.

27 Februarie: Die dood van baastuinier Bernard Oldenland is ’n gevoelige slag vir die Kaapse gemeenskap. Die landmeter moet in sy plek waarneem.

19 April: Die nuwe sekunde Samuel Elsevier kom op die Ysselmonde in die Kaap aan vergesel van sy gesin, om Andries de Man wat in Maart 1695 oorlede is, op te volg.

20 Augustus 1697: Albert van Oostenraad 'n 34-jarige korporaal in diens van die Kompanjie, word ter dood veroordeel omdat hy Paulus Maas in 'n geveg doodgeslaan het. Die geskil het ontstaan oor 'n slavin genaamd Lijsebeth.

1698

1699

23 Januarie: Na 'n afwesigheid van 15 jaar kom W.A. van der Stel weer in die Kaap aan om sy vader as Goewerneur op te volg.

11 Februarie: Goewerneur W.A. van der Stel neem by 'n plegtige geleentheid in die Kasteel se Kat die bewind van sy vader Simon van der Stel oor.

18 Maart: Sjeik Yussuf wat in 1694 met sy gevolg van 94 volgelinge na die Kaap gekom het, sterf. Sy gevangenskap het die Kompanjie ƒ26.221:12:- gekos.

1700

1701

1702

1703

1704

6 Januarie: Die nuwe kerk word in die middedorp ingewy.

1705

1706

1707

1708

25 Januarie: Die nuwe goewerneur Louis van Assenburg word luisterryk aan die Kaap ontvang.

1709

26 Januarie: Nege gesinne wat die Kaap verkies het, kom uit Mauritius aan nadat die eiland vir die tweede keer deur die Here XVII ontruim is.

1710

2 Januarie: Johan Willem Friso, Prins van Oranje, trou met die Duitse prinses Maria Louise van Hessen-Kassel.

17 Februarie: Peter Kolbe bied aan om as sekretaris van die Stellenbosse landdros en heemrade op te tree, omdat die Politieke Raad ongeduldig raak met sy vyf jaar lange „sterrekundige waarnemings”.

26 Februarie: Adam Tas kry uiteindelik sy lessenaar terug, na bemiddeling van die afgetrede goewerneur-generaal Van Hoorn. Sommige dele van sy dagboek is vernietig.

8 Maart: Johanna Maria van Hoorn, dogter van Abraham van Riebeeck besoek haar oupa se plaas Boschheuvel saam met hoë amptenare van haar man se retoervloot.

10 Maart: Aan Ferdinandus Appel word 12 morg grond by die warmwaterbron, veertien uur van Hottentots-Holland af, toegeken.

<u>18 Desember:</u> Die Goewerneur ontvang tyding van ’n brand in Stellenbosch wat die drostdy, die kerk, stalle en twaalf huise totaal vernietig het.

1711

<u>3 April:</u> Die Burger-landbouer Hendrik Rodenburgh kry vergunning om vir ’n jaar koring en groente omtrent drie uur van die buitepos Saldanhabaaij te verbou.

<u>14 Julie:</u> Johan Willem Friso van Nassau-Dietz, die jong Prins van Oranje, verdrink op ouderdom 23 in die Hollandsch Diep by Strijensas.

<u>1 September:</u> Prinses Maria Louise van Hessen-Kassel skenk die lewe aan 'n seun. Die nuwe Prins van Oranje word Willem Karel Hendrik Friso genoem.

<u>27 Desember:</u> Goewerneur van Assenburg sterf op 51-jarige ouderdom na ’n lang siekbed. Willem Helot neem tot 28 Maart 1714 as gesaghebber waar.

1712

<u>24 Junie:</u> Oud-goewerneur Simon van der Stel sterf op 72 jaar te Constantia. Ooreenkomstig die bepalings van sy testament word sy slawe vrygestel.

1713

<u>4 Maart:</u> Tydens waarnemende gesaghebber Willem Helot se regeringstyd word die slaaf Cobo deur die Raad van Justisie gevonnis om gehang teword nadat sy regterhand afgekap is, omdat hy sy teenstander in 'n geveg met 'n klip gegooi het. Sy teenstander word gegesel, gebrandmerk en vervolgens word sy ore afgekap.
Na 'n vlaag van geweld veroordeel die Raad ook die slavin Tryntjie van Madagaskar ter dood vir moord op haar kind en 'n slavin van Bengale word veroordeel om verwurg te word.

<u>31 Maart:</u> Die gevreesde kinderpokke breek onder die Kompanjie se slawe uit.

<u>7-8 Oktober:</u> Die vrede van Utrecht word met musiek en die gelui van klokke by die Kasteel gevier.

<u>31 Desember</u>: Die publikasie „Contra-Deductie“ verskyn in Amsterdam as die burgers se antwoord op W.A. van der Stel se verweer in die „Korte-Deductie”.

1714

<u>28 Maart:</u> Na die waarnemende gesaghebber Willem Helot se herroeping neem Maurits Pasques de Chavonnes as die nuw
e goewerneur oor. Hy word by die Kasteel as nuwe goewerneur voorgestel. Sy broer Dominique word as kaptein van die garnisoen aangestel.

<u>18 Mei:</u> Die goewerneur ontdek 'n brand by die Kasteel se bastion Leerdam. Hy en en sy vrou blus die brand waarvan die oorsaak onbekend bly. Min skade is aangerig.

<u>3 Julie:</u> Goewerneur M.P. de Chavonnes en die Politieke Raad besluit om op weiregte belasting te hef. Voorts moet boere wat op leenplase saai, 'n tiende van hul oes aan die Kompanjie lewer. Die raadslede se salarisse word ook vasgestel.

<u>21 Augustus:</u> Die Kaap kry ’n Latynse skool. Die hoof is ds. Lambertus Slicher. Die toesighouers („scholargen“) is die sekunde, die predikant en die kaptein van die garnisoen.

4 September: Vier oorlewendes van die retoerskip *Bennebroeck* bereik Tafelbaai in 'n oop skuit van die *Clapham Gallery*. Hulle berig dat hul skip reeds op 16 Februarie op die hoogte van 31 grade suiderbreedte gestrand het.

20 November: Gowewerneur-generaal Abraham van Riebeeck sterf op sestigjarige ouderdom.

1715

12 Maart: Dit word aangekondig dat aksynsbelasting op wyn gehef gaan word.

20 November: Die landdros van Stellenbosch vra toestemming by die Politieke Raad om 'n kommando van burgervrywilligers op te roep om teen rowende  Boesmans op te tree.

1716

25 Mei: Besoekende kommissaris Abraham Douglas stel amptenare weer voor die keuse om òf hul plase te verkoop òf om vryburgers te word.

1 September: 'n Veeruilekspedisie vertrek op 'n handelstog, aangesien daar 'n ernstige skaarste aan vee onstaan het as gevolg van diefstal deur Boesmans.

1717

20 Januarie: Die Politieke Raad besluit op 'n vraag van die Here XVII met ’n enkele teenstem, om slegs swart slawe in te voer omdat die onderhoud van blanke arbeiders te duur sou wees.

13 Maart: 'n Retoervloot van 25 skepe met 'n vragwaarde van ƒ6.6 miljoen, onder Admiraal Hendrik Becker vertrek uit Tafelbaai.

16 Maart: Burger Ernst Frederik de Swart kry toestemming om die eerste koffiehuis vir besoekers te open. Koffie is nog eksoties en duur en hy mag nie enige drank verkoop nie.

13 April: ’n Retoervloot van 25 volgelaaide skepe ter waarde van ƒ6.682.270 onder admiraal Hendrik Becker vertrek uit Tafelbaai.

10 Augustus: Nicolaas Witsen, natuurkundige, burgemeester van Amsterdam en lid van die Here XVII sterf.

22 September: Goewerneur de Chavonnes se twee kinders vertrek na Batavia, sy seun met bevordering en sy dogter vir 'n huwelik.

30 November: Kommissaris Abraham Douglas deporteer Sekretaris Pieter de Meyer om aan die Here XVII te verduidelik waarom hy toegelaat het dat vryburgers hom kon omkoop.

1718

1 Augustus: 'n Uitermatige groot skool walvisse besoek Tafelbaai en wek groot belangstelling by inwoners.

1719

1720

2 Junie: Na vele geldelike terugslae wy ds. Petrus van Aken die gemeente Drakenstein se nuwe kerk in. Die lidmate moet hulle eie stoele bring as gevolg van 'n tekort aan sitplekke.

1721

29 Maart: Opperhoof Willem van Taak kom met *De Caap*, *Gouda* en *Zeelandia* in die baai van Rio de Lagoa aan en annekseer dit namens die Kompanjie.

24 Desember: Die Franse Oos-Indiese Kompanjie beset Mauritius elf jaar nadat die Kompanjie dit ontruim het.

1722

3 Maart: Die Politieke Raad gee goedkeuring aan die Stellenbosse kerkraad om 8.000 lootjies teen ƒ3 elk vir die voltooiing van die nuwe kerk te verkoop.

18 Junie: 'n Nagtelike noordwestelike storm vernietig tien skepe in Tafelbaai. Ses daarvan naamlik *Rotterdam, Standvastigheid, Soetigheid, Lakeman* en *Schotsche Lorredraaier* was retoerskepe. Drie is Engelse skepe en *Gouda* en *Amy* is Kaapse skepe. Die dodetal is omtrent 600.

30 Junie: Die seerowers vertrek uit Rio De Lagoa nadat hulle drie maande tevore die buitepos Fort Lijdzaamheijd binnegeval en geplunder het.

1723

31 Desember: Die pakketboot *Meteren* vergaan ten noorde van die Olifantsrivier, as gevolg van skeurbuik onder die bemanningslede. Nege van 29 opvarendes word gered.

1724

28 Julie: Goewerneur M.P. de Chavonnes vaardig weer eens verkeersregulasies uit vir die Kaap. Dit is verbode om osse of perde op straat uit te span, vinnig te ry of swepe te klap. Uitspanning kan slegs geskied tussen die verste huise en die Leeuwenbil.

8 September: Goewerneur M.P. de Chavonnes sterf 'n dag nadat hy siek geword het. Hy word met groot eerbetoon op 14 September 1724 begrawe.

8 September: Jean de la Fontaine word waarnemende goewerneur.

19 Desember: Die geliefde ds. Petrus van Aken van Drakenstein sterf in Kaapstad.

1725

1726

1727

13 Februarie: Die nuwe goewerneur, Pieter Gijsbert Noodt arriveer uit Batavia.

25 Februarie: P.G. Noodt aanvaar die bewind as goewerneur.

9 April: Goewerneur Noodt verbied weer eens veehandel met die Koina.

2 Desember: Goewerneur Noodt word met kanonskote by die Kasteel verwelkom na 'n ondersoek van binnelandse houtbronne om die groot tekort daarvan te verlig.

1728

31 Augustus: 22 van die veroordeelde muiters by Fort Lijdzaamheid word wreed tereggestel.

1729

13 Januarie: Die *Saxenburg* vanaf Batavia met voorrade van onder andere rys vir die Kaapse nedersetting strand by Kaap Agulhas. Net vier van die bemanning oorleef.

6 April: Jan Busch, leier van 'n groep drostersoldate word tydens sy inhegtenisneming doodgeskiet. Daar is verskeie voorvalle van drostery tydens Goewerneur Noodt se bestuur.

23 April: In die namiddag word Goewerneur P.G. Noodt in 'n stoel in die Kompanjie se tuinhuis dood aangetref. Sekunde Jean de la Fontaine neem waar as goewerneur.

1730

19 Februarie: Met die skip *Keetel* kom die nuus dat die Here XVII Jan de la Fontaine as die nuwe goewerneur aangestel het met Adriaan van Kervel as die nuwe sekunde.

30 Junie: As gevolg van ds. Lambertus Slichter se dood na 'n kort siekbed ondervind die Kaap 'n ernstige tekort aan predikante.

30 Junie: Goewerneur de la Fontaine se vrou word ter aarde bestel.

1731

31 Januarie: Na ’n afwesigheid van tien jaar bevind alle besettelinge van Fort Lijdzaamheid hulle terug in die Kaap as gevolg van die Here XVII se besluit ses maande tevore om die buitepos te sluit.

13 Maart: Die nuwe fiskaal, Meester Daniël van den Hengel, word in die Kasteel verwelkom. Toe hul skip *Gaasperdam* ankers en toue by Robbeneiland verloor, moes hulle noodgedwonge na Saldanhabaai seil en van daar oor land Kaap toe reis.

30 Junie: 'n Opgawe toon dat daar presies een duisend amptenare by die Kompanjie in diens is. Dit sluit 56 bandiete in.

1732

4 Januarie: Die brik *Feyenoord* bereik St. Helenabaai en vind slegs 33 van die oorspronklike 189 bemanning van die skip *'t Huys te Vlotter* nog lewend.

17 Februarie: Die Here XVII gee toestemming dat grondeienaars vir 'n tydperk van vyftien jaar ’n ander leningplaas mag bewerk, as die bestaande plaas se grond te uitgeput raak. Sodoende kan dit kans kry om te rus.

28 Februarie: Die Politieke Raad verdubbel die jaarlikse rekognisiegeld op leenplase.

27 April: Ds. Johannes Wilhelmus Hertzogenraedt wat namens die kerkrade van Stellenbosch en Drakenstein beswaar aanteken oor die verdubbeling van die rekognisiegeld, word deur die Goewerneur en Politieke Raad gemaan om hom nie in beleidsake in te meng nie.

3 Junie: Die teregstelling van Goewerneur Petrus Vuyst vind op de Groene Zootje in Batavia plaas. Sy kop word afgesny, sy ligaam gevierendeel, onder die skavot verbrand en die as word in die see gegooi.

1733

1734

24 Maart: Prins Willem IV van Oranje trou in Londen met prinses Anna van Hannover, dogter van koning Georg II.

20 Julie: Ses soldate word na die nuwe buitepos Rietvallei gestuur om die boere teen veediefstal te help beskerm. Sedert 1726 is daar reeds veertien man by Riviersonderend vir dieselfde doel.

10 September: Jan de la Fontaine, Ryk Tulbagh en Jacobus Möller keer van 'n ekspidisie na Mosselbaai terug en verklaar dat dit nie veel beteken as hawe nie.

1735

6 April: Na 'n poging van nege jaar rapporteer François Gilaumet dat sy proefnemings met sywurms aan die Kaap misluk het.

1736

3 Januarie: 'n Beloning van ƒ2.000 word uitgeloof vir die inhegtenisneming van brandstigters op die eiendom van die weduwee van Servaas de Cock en oud-burgerraadlid Heufke op 10 Desember 1735.

1737

22 Mei: 'n Hewige storm verwoes agt van die retoervloot se skepe asook die Kaapse brigantyn *Victoria* in Tafelbaai. Net die *Papenburg* bly oor. Sowat 1,9 miljoen gulde se handelsware gaan verlore.

9 Julie: Na vier maande op see stap Georg Schmidt, die eerste sendeling aan die Kaap, van die skip *'t Huis van Rensburg*, aan wal.

10 Julie: Hendrik de Vries en Hendrik Scheffer keer van 'n olifantjagtog terug en berig dat vyf van hulle makkers deur Xhosas vermoor is.

19 September: Na slegs drie weke as goewerneur sterf Adriaan van Kervel na 'n kort siekbed.

31 Desember: 'n Nuwerwetse brandspuit word met genoegsame toerusting vir die bestryding van plaaslike brande ingevoer.

1738

9 Maart: Die president van die skepenbank (skepen ≈ regter) te Batavia maak aan almal aan die Kaap bekend dat diegene wat op grafte in Batavia aanspraak wil maak, hulle dokumente voor 2 September 1741 moet indien.

23 April: Die Morawiese sendeling Georg Schmidt verskuif sy sendingpos van Rivier Sonder End na Baviaanskloof.

7 Junie: Twee Bengaalse slawe word tereggestel, omdat hulle gedros en goedere geroof het.

8 September: Na 'n orgie van moord, roof en aanranding deur 'n groep gewapende slawe in die omgewing van Slangenhoek en Groenekloof pleeg drie gevangenes selfmoord. Die res word op eg Kaapse wyse tereggestel.

1739

<u>14 April:</u> Sekunde Hendrik Swellengrebel vervang Daniël van den Henghel as goewerneur. Laasgenoemde het waargeneem as goewerneur en beklee weer sy ou pos as fiskaal. Ryk Tulbagh word as sekunde aangestel.

<u>2 Mei:</u> Twee soldate, Michiel Herda en Jan Christiaan Smit, word gehang, omdat hulle gestreepte linne uit die pakhuis gesteel het.

<u>4 September:</u> ’n Aardskudding tref die Kaap tussen sewe- en agtuur. Die vorige skudding was op 4 September 1695.

<u>2 Oktober:</u> Sersant J.P. Giebeler, poshouer van De Schuer en die roofruiler Willem van Wijk (Willem Hottentot) kom by Meerhofskasteel 'n groep inboorlinge teen. Die inboorlinge vlug uit vrees vir die boere, maar word gerus gestel met arak en tabak. Tussen 30 en 40 Koina word sonder waarskuwing doodgeskiet en 118 beeste word gebuit. Hoofman Swarte Booi word gedood, maar sy seun Titus ontvlug. Die veeruilers word nie gestraf nie. Beide Giebeler en Van Wijk se name is in die Heerelogement gegraveer.

<u>14 November:</u> Die rebelsoldaat Estiénne Barbier se vonnis word voltrek.

1740

1741

<u>6 Januarie:</u> As gevolg van brandstigting word Fortuyn van Bengale met ’n ketting aan ’n paal vasgemaak en lewend verbrand.

1742

<u>11 Februarie:</u> Die Engelse skip *Swift* bring instruksies van die Here XVII om die gewese goewerneur-generaal Valckenier wat op 26 Januarie 1742 hier aangekom het, onmiddelik onder arres te plaas en met die eerste moontlike geleentheid na Batavia terug te stuur om oor sy beleid insake moord op Chinese burgers aldaar verhoor te word.

18 September: Die verbod op die skiet van gestreepte esels word met 'n verhoogde boete van 50 Rds. herbevestig. Vir 'n lewende eksemplaar word 100 Rds uitgevaardig.

1743

<u>26 Januarie:</u> Die aangewese goewerneur-generaal Gustaaf Willem baron van Imhoff hou ’n roerende toespraak in die Kasteel en moedig die mense aan om die Kompanjie in swaar tye met verdubbelde ywer te help.

<u>15 Februarie:</u> Die Politieke Raad besluit om 'n golfbreker te bou om skepe te beveilig en verwelkom ook die Here XVII se besluit dat skepe voortaan in die wintermaande Simonsbaai as anker- en diensplek moet gebruik.

<u>8 Oktober:</u> Jacobus en Pieter Theron, Jacobus du Preez en Gerrit van der Merwe word tot die eerste twee ouderlinge en diakens van die gemeente Roodezand verkies.

1744

<u>7 Januarie:</u> Die boekhouer Johannes Rhenius word aangestel as adjunk-landdros van die gebied tussen die Breederivier en Mosselbaai.

14 Januarie: Die Morawiese sendeling Georg Schmidt kry toestemming om gratis na Nederland terug te keer en verlaat die sendingstasie in die Overberg.

22 Maart: Die Engelse koningskip *HMS Centurion* (60 kanonne) kom in die Kaap aan op sy reis om die wêreld.

9 Mei: Abraham Schietekat, die aangewese voorleser en skoolmeester vir Grootvadersbosch, arriveer op die skip *Ouwerkerk*.

16 Desember: Maria Beukes, huisvrou van die landbouer Jan Rostock, gaan jag en skiet 'n leeu in die distrik Stellenbosch.

1745

28 Februarie: Die skip *Duijnenburg* bring die skip *Ida* wat op die oop see gevind is, veilig die hawe binne. Die *Ida* kon met 137 dooies aan boord deur die oorblywende siek 30 bemanningslede nie meer genavigeer word nie.

27 Junie: Die vyfde N.G.-gemeente aan die Kaap, 't Zwartland, word deur ds. Franciscus le Sueur van Kaapstad gestig met ds. Rutgerus Andreas Weerman as die eerste predikant van die gemeente. Slegs vyf van die 55 gemeentelede woon in die nabyheid van die kerk.

7 September: Alle gedroste amptenare word gewaarsku om hulle binne drie maande by landdroste aan te meld, so nie sal hulle swaar gestraf word.

1746

1747

3 Januarie: Wilhelmina ten Damme, vrou van goewerneur Swellengrebel, word ter aarde bestel.

26 Oktober: Die Politieke Raad besluit dat die nuwe distrik onder landdros Rhenius Swellendam sal heet ter ere van die goewerneur en ter nagedagtenis aan sy oorlede vrou.

30 November: Twee dae lank word fees gevier, aangesien die skip *Brouwer* berig gebring het dat die State-Generaal die Prins van Oranje IV tot stadhouer en admiraal-generaal van die Verenigde Provinsies verhef het.

1748

9 Maart: 'n Prins word vir Willem IV van Oranje en sy vrou gebore.

31 Maart: In die namiddag arriveer 24 Britse skepe in Tafelbaai op pad na Indië.

1749

1750

1 November 1750: Goewerneur-Generaal Gustaaf Willem, baron van Imhoff sterf.

1751

27 Februarie: Ryk Tulbagh word as nuwe goewerneur aangestel.

22 Oktober: Prins Willem IV van Oranje sterf op 40-jarige ouderdom by 't Huis ten Bosch, sy somerverblyf.

1752

4 Februarie: Die gebalsemde oorskot van Willem IV van Oranje word in die koninklike grafkelder van die Nieuwe Kerk in Delft bygesit.

8 April: Die eerste Kaaps-gebore predikant, ds. Petrus van der Spuy lei die dankdiens ter viering van die nedersetting se eerste eeu.

11 Mei: Jan van Ellewee rapporteer aan Goewerneur Tulbagh dat die ekspedisie onder leiding van vaandrig August Beutler 'n tweede VOC-baken by die mond van die Swartkopsrivier, geplant het.

14 Mei: ’n Ekspedisie onder leiding van vaandrig August Beutler rig ’n VOC-baken van leiklip by die mond van die Kabeljousrivier in die Oos-Kaap op.

10 Oktober: Jan van Ellewee, ’n lid die Beutler-geselskap rapporteer dat hulle by die Groot Keirivier moes omdraai, omdat die Temboes baie vyandiggesind was.

1753

1754

5 Augustus: Goewerneur Rijk Tulbagh kondig nuwe wette aan rakende die beheer van slawe.

1 September: Goewerneur Rijk Tulbagh vaardig ’n plakaat met 29 punte uit wat swaar strawwe vir slawe voorsien wat hulle aan misdaad en wangedrag skuldig maak.

1755

7 Januarie: ’n Bestelling vir 100 vaatjies botter van 260 pond elk word by vryburgers geplaas vir skeepsvoorsiening.

1756

7 April: ’n Dank-, vas- en biddag word vir almal gehou wat die tweede pokke-uitbraak aan die Kaap oorleef het.

3 Oktober: By twee gesinne in die distrik Stellenbosch word melaatsheid ontdek.

1757

1758

21 Maart: 'n Aankondiging word gemaak dat boere op leningsplase wat nie oor kontantgeld beskik nie, in plaas van hul jaarlikse rekognisiegeld trekosse aan die buiteposte kan lewer.

1759

1760

15 Julie: Voortvlugtige slawe vermoor die boekhouer Michiel Smuts asook sy vrou en kind.

1761

28 Mei: By die vertrek van Gerhardina Sibilla Borwater, die weduwee van die boekhouer Phillip Herman Boomgaard, word die doodgrawersamp aan Maria Moller, die weduwee van onderkoopman Marthinus Heems, oorgedra.

13 Oktober: Oorlede Joachim Nicolas von Dessen, gewese onderkoopman en sekretaris van die weeskamer, laat sy boekery van 3.800 boekdele aan die Kaapse gemeenskap na vir 'n „publicque Bibliotheecq", en 1.000 riksdaalder waarvan die rente jaarliks gebruik sal word om nuwe boeke aan te koop.

1762

16 November: Goewerneur Tulbagh en die Politieke Raad tref nuwe maatreëls om orde in die stad te handhaaf. Die Kaapse „vlek" of onommuurde stad word in 48 blokke verdeel, met 22 wykmeesters wat in hul wyke die orde moet handhaaf.

1763

10 Januarie: ’n Wa met agt perde ry ’n kind om. Die Politieke Raad besluit dat slegs agtperdewaens in die toekoms op Kaapse strate gelei moet word.

26 April: Die verbod op botterverkope aan skepe van vreemde nasies word opgehef.

28 Mei: Korporaal Diederik Koekemoer rapporteer dat Hermanus Vos in die Bokkeveld deur drie pyle gedood is tydens ’n agtervolging van Boesmans wat beeste gesteel het.

2 Junie: Evert van Madagaskar, slaaf van Andries Smit, word oor huisbraak en diefstal gevonnis om gehang te word.

1764

21 Mei: Ryk Tulbagh vier sy 65ste verjaardag.

5 Julie: Vier diewe wat tee uit die skip *Huys te Bijweg* in Valsbaai gesteel en aan land verkoop het, kry swaar strawwe.

16 Augustus: Die Koina Willem Pape en slaaf Titus van Batavia word gevonnis om gehang te word omdat hulle 'n Koinavrou gemartel en vermoor het.

3 Oktober: Stellenbosch se landdros deel mee dat 35 Boesmanveediewe doodgeskiet en tien kinders gevange geneem is.

1765

26 Maart: Alle werk op Sondae deur slawe word verbied insluitend straatverkope.

15 Oktober: Die vernederende benaming „veldwagters" vir die landdros se helpers word verander na „ordinantieruiters". Hulle word nou in uniforms geklee.

12 Desember: Die Politieke Raad vaardig ’n ordinansie uit wat vrygestelde slavinne verbied om beter geklee op straat te verskyn as die vroue van burgers.

1766

9 Maart: Goewerneur Tulbagh ontvang volledige verslag oor die slaweopstand op die skip *Meermin* en die totale verlies daarvan in Struisbaai.

14 Julie: Ligte aardskokke met die klank van donderweer word om 01:55 aan die Kaap gevoel.

1 September1766: Die meerderjarigheid van die Prins van Oranje word aan die Kaap gevier. Die prins is nou agtien jaar oud. Rijk Tulbagh kan die geleentheid weens swak gesondheid nie bywoon nie.

1767

22 Junie: Die vyf jaar lange projek van goewerneur Tulbagh om die plein voor die Kasteel te verbeter deur onder andere die paaie te verbeter en eike aan te plant, loop ten einde.

26 Augustus: Die slavin Clarinda van Batavia word lewend verbrand op grond van haar bekentenis dat sy geprobeer het om die huis van haar eienaar Daniël Coenraad Braune aan die brand te steek. Omdat daar ’n jaar tevore ’n identiese poging was, word Braune verbied om verder slawe aan te hou.

3 Desember: Die burgers Johan Hans Jurgen, Christoffel Jansen en Cornelis Janse van der Toek wat die basterhottentot Mey mishandel het, word gestraf. Die Raad van Justisie veroordeel Jurgen ter dood en die ander twee sal eers gegesel word en daarna na hul vaderland verban word. Goewerneur Tulbagh bekragtig die vonnisse en sê dat die burgers, die Koina en die slawe deur die landswette beskerm word.

1768

30 Mei: Landdros J.J. le Sueur berig dat Stellenbosch deur erge oorstromings bedreig word. Die eiland is getref, en Stellenbosch se brug, ’n meul en ’n waenhuis is weggespoel. Goewerneur Tulbagh gee opdrag om so gou moontlik die rivier se vloei te herlei na net een kant van die eiland.

1769

31 Augustus: Uitvoere van Kaapse produkte het die afgelope twaalf maande met ƒ20,000 tot ƒ126,002 gestyg.

1770

1771

11 Augustus: Na 'n siekbed van vyf jaar sterf Goewerneur Rijk Tulbagh.

1772

1773

1 Junie: Korporaal Wolraad Woltemade, poshouer van die buitepos Rietvalleij aan de Dieperivier, red 14 opvarendes van die wrak van die *Jonge Thomas* by die Soutriviermond, maar verloor self sy lewe.

1774

1775

1776

1777

1778

1779

1780

1781

4 April: Nuus van die Vierde Seeoorlog teen Engeland bereik die Kaap. Die burgers word opgeroep om die Kaap te verdedig.

23 Mei: Vierde Engelse oorlog. Die burgers word weer opgeroep om die Kaap te verdedig.

1782

1783

1784

1785

1786

31 Mei: Poshouers word beveel om alles te rapporteer wat op 'n buitepos gebeur, soos diere wat doodgaan en slawe wat sterf of slawe wat vlug. Sedert 1 Maart is ses slawe aan siektes op Vissershok dood en een het onder 'n wa verongeluk.

1787

1788

1789

1790

2 Oktober: Die Here XVII beveel die afskaffing van onekonomiese buiteposte. Die buiteposte Gansekraal, Vissershok en Rietvalleij aan de Diepe Rivier sal onmiddelik verkoop word.

1791

1792

1793

29 April: Posvolk en die burgermag word opgeroep, aangesien ’n Franse inval verwag word.

1794

1795

16 September 1795: Die Kaap word formeel vir die duur van die oorlog teen Frankryk deur Groot Brittanje „onder beskerming‟ geneem.

1796

1797

1798

1799

31 Desember: Die VOC se bestaan word formeel beëindig.

1800

1801

1802

1803

20 Februarie: Die Bataafse Republiek neem die bewind oor aan die Kaap.

1804

1805

---

1806

-------------------------------------------------